



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

®

Reëls vir toekenning van die Visekanseliersmedalje vir Meestersgraadstudente

Verwysingsnommer	9P/9.4.8_VCmedal
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie
Beleideienaar	Direkteur: Navorsingsondersteuning
Verantwoordelike afdeling	Navorsingsondersteuning
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	20 Junie 2014
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2016
Prosedures ingevolge hierdie beleid	
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules
Adres op die beleid-databasis	RMA SHARE -9P-9.4.8_rules VC medal_a.docm

Reëls vir toekenning van die Visekanseliersmedalje vir Meestersgraadstudente

1 Doel

Die agt Visekanseliersmedaljes word jaarliks toegeken aan die beste Meestersgraadstudent aan die Noordwes-Universiteit in 'n aantal dissiplines, soos hieronder aangedui. Hierdie toekenning word gegee ter erkenning van uitstekende werk gedoen deur Meestersgraadstudente aan die NWU, en ook ter viering van die voortgesette pogings van studieleiers en ander akademici met die skep en handhawing van 'n instaatstellende omgewing vir hierdie studente.

2 Wie in aanmerking kom

Kandidate in die onderskeie dissiplines wat die finale kopie vir eksaminering gedurende die vorige jaar ingedien het, kan benoem word, d.w.s. kandidate wie se grade by die vorige jaar se lentegradeplegtigheid of die huidige jaar se herfsgradeplegtigheid toegeken is. Elke fakulteit kan een kandidaat per kategorie benoem, soos hieronder aangedui:

- Geesteswetenskappe
- Teologie
- Gesondheidswetenskappe
- Handel
- Regte
- Ingenieurswese
- Natuurwetenskappe
- Opvoedkunde

3 Keuringsprosedure

- 3.1 Die betrokke dekaan (in oorleg met die fakulteit se bestuurskomitee) word versoek om 'n kandidaat te benoem wat die meestersgraad (wat 'n verhandeling of skripsie moet insluit) met onderskeiding voltooi het in die tydperk soos hierbo aangedui. Die benoemde kandidaat mag nie die maksimum tydperk oorskry wat toegelaat word vir die voltooiing van 'n meestersgraad nie.
- 3.2 Benoemings moet van die volgende dokumente vergesel word: (slegs 1 benoeming per fakulteit per dissipline)
 - Die voltooide benoemingsvorm;
 - Eksaminatorsverslae;
 - Afskrifte van navorsingsuitsette;
 - Ander ondersteunende dokumente.

Die dokumentasie moet in elektroniese formaat per e-pos ingedien word na lucas.venter@nwu.ac.za

- 3.3 Beoordelaarspaneel: Die AVK: Navorsing, Innovasie en Tegnologie sal 'n beoordelaarspaneel saamroep om die benoemings wat van die fakulteite af ontvang is te evalueer en aanbevelings daarvoor te maak. Die paneel moet ten minste die DVK: NIT, die Institusionele Direkteur: Navorsingsondersteuning, die drie Kampusviserektors en die betrokke Dekane insluit. Die paneel bespreek slegs die inligting soos verskaf in die ingediende benoemingsvorms. Indien nodig kan die betrokke studieleier versoek word om verdere motivering te verskaf.

4 Riglyne vir evaluering

- 4.1 Alle aspekte van die meestersgraadstudie (teorie en praktiese eksamens sowel as die verhandeling en/of skripsie) moet oorweeg word.
- 4.2 Indien die M-graad direk op 'n B-graad gevolg het, word die gedeelte wat met normale honneursstudie ooreenstem nie in berekening gebring nie.

4.3 Die evalueringskriteria kan die volgende insluit:

Artikels voortspruitend uit die studie, voordragte voortspruitend uit die studie wat by konferensies gelewer is sowel as 'n algemene evaluering van die bydrae van die studie tot die bepaalde vakgebied.

5 Oorhandigingseremonie

Die medalje word oorhandig by die jaarlikse navorsingsfunksie.

6 Afwyking van die Reëls

Afwyking van die reëls kan in sekere gevalle toegelaat word met die toestemming van die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde.

Oorspronklike besonderhede: Lucas Venter(10060332) P:\Beleide\9P-9.4.8_VCmedal_a.docm
20 May 2014

Lêerverwysing: 9P/9.4.8_VCmedal_a